# Hoofstuk van die dag: Galasiërs 4

> *Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur … (Gal 4:4, OAV)*

Die koms van die Seun na die wêreld was nie sommer ’n arbitrêre besluit van God nie. Paulus sê die Seun het in die

volheid van die tyd gekom, toe die omstandighede vir sy koms ryp was (vers 4). ’n Paar faktore het ’n kritiek belangrike rol gespeel wat gemaak het dat Jesus se koms nie maar net ’n gelokaliseerde Joodse gebeurtenis gebly het nie.
Die een was die verowering van die destydse wêreld deur Alexander die Grote. Hy het ’n nuwe kultuur, Hellenisme (Hellas = Griekeland), gevestig, waar Grieks die omgangstaal van die destydse wêreld geword het, en die Griekse godsdiens ’n soort wêreldgodsdiens.
Ná die Hellenistiese tyd het die Romeinse Ryk gekom, en vrede oral gevestig (die sg. Pax Romana).
Waar Alexander die Grote aan die wêreld ’n taal gegee het waarmee die apostels maklik met almal kon praat om die evangelie uit te dra, het die Pax Romana gehelp dat Paulus-hulle in relatiewe veiligheid na ander lande kon reis. Die Griekse godsdiens het die mense teen dié tyd ontnugter as leeg en betekenisloos, en daarom was hulle honger vir die Evangelie van Jesus Christus.
God se beplanning is altyd perfek.

## Onlangse Bydraes


- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026